

DIE KOMMISSIE HERVAT 20 JUNIE 1990.

HERMANUS BAREND DU PLESSIS nog onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Kolonel, ons het nou 'n verklaring van Siphwe Mtimkulu gekry en as ons op daardie basis gaan argumenteer is dit net billik dat u 'n kans kry om op sekere stellings te antwoord en ek gaan u daaroor uitvra. Het u die memorandum van kolonel Erasmus voor u? -- Ek het hom nie nou voor my nie.

Dit is die aanhangsel wat aangeheg is by Nicolaas Janse van Rensburg .. (tussenbei) -- Ja, ek het hom nie by my nie. (10)

Se verklaring. Ek sal maar voortgaan. As dit nodig is dan kan ons lees. Volgens paragraaf 2 van die memorandum is Mtimkulu gearresteer op 31 Mei 1981. U sien dit in paragraaf 2 daar. -- Dit is korrek.

Nou, wat Mtimkulu sê dat voor hy sy bewussyn verloor het, het hy gehoor iemand sê "Bel die kaptein", dit sou u gewees het. -- Dit is korrek.

En dit klink asof dit korrek kan wees? -- Dit klink of dit korrek kan wees. (20)

En hy gaan voort en sê dat toe hy sy bewussyn herwin het, was hy by die New Brighton-polisiestatie. -- Ja, ek kan dit nie onthou nie, maar dit is ook moontlik.

En hy sê hy was daar aangerand. -- Nee, ek dra nie daarvan kennis nie.

Want al is dit nie uitdruklik gesê nie, 'n mens kan, as 'n mens hierdie memorandum lees, onder die indruk wees dat hy direk na Livingstone-hospitaal toe gevat is, maar u sê dit is moontlik dat intussen was hy by die New Brighton Police Station. -- Ek kan dit nie onthou nie. Ek wil dit hê dat ek hom vir die eerste keer by Livingstone-hospitaal gesien het, (30)

as ek/..

as ek reg kan onthou.

In elk geval dit blyk verder uit die memorandum uit dat tussen 1 Junie en 3 Junie is hy verskeie kere tussen Algoa-park-polisiestasie en die Livingstone-hospitaal. -- Dit is korrek.

En dit blyk ook dat die dokter, dr. Ramjee, wou gehad het dat hy by die Livingstone-hospitaal op 'n meer permanente basis moet bly, dat hy daar moet oornag. -- Ja, ek weet nie. Waarop lei u dit af?

Wel, u sien paragraaf 5 - u sien, paragraaf 3, hy is be- handel (10)
vir die skietwond. U sien dit? -- Dit is korrek.

Paragraaf 4, omtrent 'n uur daarna is hy weer in die polisie-selle gesit. -- Dit is korrek.

Maar die volgende dag op versoek van die dokter is hy weer na die Livingstone-hospitaal geneem. -- Ek wil die af- leiding maak dat toe hy die eerste keer daar was, teruggevat is Algoapark toe het die dokter die versoek gerig dat hy die volgende dag moet terugkom.

En dan is hy weer sonder behandeling na die Algoapark- (20)
polisie-selle teruggeneem. -- Ja wel, u sê - die paragraaf lees baie duidelik dat geen dokter gee egter aandag nie en hy word om 14h25 teruggeplaas na Algoapark.

Maar die volgende dag is hy weer hospitaal toe en hy word daar opgeneem. -- Dit is korrek.

Ek neem aan dit is op versoek van die dokter? -- Ek aanvaar ons het hom die volgende dag teruggeneem.

Op versoek van dr. Ramjee? -- Wel, ek weet nie van hom of van wie nie, maar van iemand.

In elk geval wat Mtimkulu daarvan sê is dat sy dokter wou (30)
gehad het hy moes in die hospitaal gebly het, maar die polisie

wou hom/..

wou hom in die selle gehad het. -- Ek kan nie daaroor kommentaar lewer nie.

Is dit moontlik? -- Wel, as ek nie weet nie, is enige ding moontlik.

En hy sê ook dat voor hy opgeneem is in die hospitaal en by die Algoapark-polisiestasie is hy deur u aangerand met 'n rubberpyp. -- Ek ontken dit. Dit wil sê voor hy vir die eerste keer in die hospitaal was?

Ja. Nee, ek dink - ek dink die tyd waarna hy verwys is voor hy opgeneem is en nadat hy behandeling gekry het van dr. Ramjee soos blyk uit paragraaf 3 van die memorandum. -- Ek ontken dit. (10)

En toe is dit duidelik van albei die memorandum en sy verklaring dat hy probeer het om te ontsnap. -- Dit is korrek.

En toe is hy na St. Alban's geneem. -- Dit is korrek.

Maar hy sê tussen die hospitaal, Livingstone-hospitaal en die poging om te ontsnap en St. Alban's is hy ook vir 'n rukkie by die North End-gevangenis. -- Wel, ek weet nie dat hy daar aangehou is nie.

U sien, ek neem aan as hierdie persoon probeer het om te ontsnap sou hy onder 'n wag gewees het tussen die poging om te ontsnap en sy opneming in St. Alban's. -- Dit is korrek. (20)

En hy sê dat in daardie tydperk is hy by die North End-gevangenis en ook in 'n polisievangwa vir 'n rukkie gehou. -- Ek dra nie kennis nie.

Volgens die memorandum is hy by St. Alban's tot 16 Junie waar behandeling gekry is. -- Dit is korrek.

Paragraaf 8 en 9 van die memorandum. Hy is toe na Jeffreysbaai geneem.-- Dit is korrek.

En u is alreeds gevra deur my geleerde vriend mnr. Kuny oor die/.. (30)

oor die moontlike redes hoekom hy na Jeffreysbaai toe gevat is.

Kan u weer vir ons sê hoekom na Jeffreysbaai? -- Wel, ek het nie 'n spesifieke rede hoekom hy na Jeffreysbaai geneem is nie. Hy is daar aangehou. Vanaf St. Alban's is hy daar aangehou. Ons hou normaalweg nie mense aan in die gevangenis nie. Ek dink die rede hoekom hy in St. Alban's aangehou is, is omdat dit op versoek van dr. Lang, die distriksgeneesheer, gedoen is vir mediese behandeling daar.

Dit is in St. Alban's? -- Dit is korrek.

(10)

Volgens die memorandum, dit is nou kolonel Erasmus se memorandum waarna ek verwys as ek memorandum sê, is hy in 'n kantoor by Jeffreysbaai ondervra vir een en 'n half uur. Daar was geen aanranding en die wat hom ondervra het, was Du Plessis, Strydom en sersant Raath. -- Dit is korrek.

En ek neem aan dit is u. -- Dit is myself.

Nou, hy sê ook hy was in die aanklagkantoor ondervra vir 'n paar ure. Is daardie verwysing na kantoor 'n verwysing na die aanklagkantoor? -- Beslis nie.

En hy sê ook u was nie tevrede met sy antwoord wat hy op daardie stadium gegee het nie. -- Dit is moontlik dat ek nie tevrede was nie. (20)

En hy sê weer dat hy is weer aangerand deur u en hy sê u het gedreig om u span vanaf Port Elizabeth te roep. -- Ek ontken dit.

Nou, Strydom, hy sê drie persone is geroep - wie is Johan?

Is daar enigeen van Raath, Strydom of enigiemand anders wat betrokke was by die ondervraging daardie dag met die voornaam Johan? -- Wel, die enigste Johan daar, behalwe hierdie mense wat hier genoem word, is die stasiebevelvoerder, is adjutant-offisier Johan Jonker.

(30)

Want hy/..

Want hy maak melding van 'n Johan. Wat is Raath se voornaam?
-- Ook Johan sover ek weet.

In elk geval, hy sê 'n span is geroep van Port Elizabeth en dit was Strydom, Johan en ek neem aan dat hy daar verwys na Johan Raath, en 'n Momberg. Is daar enige Momberg wat betrokke was te eniger tyd? -- Nee, ek weet nie, maar daar is 'n Momberg in veiligheidstak, Port Elizabeth.

Port Elizabeth? -- Dit is korrek.

En van tyd tot tyd was hy by ondervragings betrokke. -- Ek
(10)
sal nie kan sê nie.

Wel, was hy daar gedurende u tyd? -- In Port Elizabeth?

Ja. -- Dit is korrek.

Het hy onder u gewerk? -- Dit is korrek.

Watter rang het hy in 1981 gedra? -- Adjudant-offisier of sersant, een van die twee.

En sou hy nie gewoonweg betrokke gewees het by onder-vragings?
-- Dit hang af. Ons het baie ondervragings gedoen. Ek kan nou nie sê hy sou by hierdie man betrokke gewees het nie. Daar is 'n moontlikheid.

(20)
Nou toe gaan Mtimkulu voort en hy sê hy is uitgevat na 'n plek naby die see. -- Ja, ek dra nie daarvan kennis nie.

En hy sê hy is daar ook aangerand. -- Ek dra geen kennis nie.

En hy sê toe is hy terug by die polisiestasie waar hy weer aangerand is onder andere deur om elektriese skokke te kry. U ontken dit? -- Ek ontken dit.

Nou, u sê dat gedurende daardie tydperk het 'n mnr. Knoetze hom besoek en hy het gesê hy het geen klagtes gehad nie. Nou, hy maak geen melding van 'n besoek van Knoetze te eniger tyd en natuurlik kan ons hom nie daarvoor uitvra nie,

(30)
maar ek/..

maar ek wil net ter regverdigheid dit aan u ook stel. Hy sê ook niks in sy verklaring van die probleme, die mediese probleme wat gemeld is in paragraaf 6 en 11 van die memorandum, maar hy maak wel melding daarvan in 'n rapport van dr. Majoos wat later gegee is, so hy ontken dit nie. Hy maak net nie melding daarvan in sy verklaring nie. Net volledigheidshalwe stel ek dit aan u. U hoef nie daarvoor kommentaar te lewer nie, tensy u wil. Nou, toe vroeg in Julie sê die memorandum by paragraaf 15 dat daar was verdere ondervraging en besoeke deur onder andere Knoetze en hy het geen klagtes gehad nie. -- Paragraaf (10) 15?

15 tot 19. Daar is verdere ondervraging vroeg in Julie-maand. -- Dit is korrek.

In daardie paragrawe is melding gemaak van besoeke deur onder andere Knoetze of net Knoetze eintlik en daar was geen klagtes. -- Dit is korrek.

Nou, u weet van 'n persoon Tungate. -- Dit is korrek.

Was hy te eniger tyd 'n bokser gewees? -- Hierdie is B. Tungate. Volgens my kennis nie. (20)

Is hy nog in die polisie? -- Dit is korrek.

Hy is nog steeds in die polisie? -- Dit is korrek.

Is ooit tugstappe teen hom geneem vir enige rede? -- Nie wat ek van weet nie. Hy is wel skuldig bevind op 'n stadium in die hooggeregshof vir regsverdeling of poging tot regsverdeling.

En die Bobelo, is dit die korrekte spelling? Is dit nie moontlik Mbobelo nie? -- Nee, dit is heeltemal korrek soos hy hier staan.

Dra u kennis van 'n man met die naam Mbobela? -- Nee.

Geen kennis van so 'n persoon nie? -- Geen kennis nie. (30)

Daar is/..

Daar is melding van hom later in die stukke, maar ek sal daarna moet kyk. In elk geval hy sê dat laat in Julie is hy weer ondervra, dit is nou Mtimkulu. As u korrek is het hy sy datums verkeerd, dat sy verdere ondervraging na die tydperk in Humansdorp was laat in Julie, ek maak nie veel daarvan nie, maar hy sê hy is ook ondervra deur, is dit adjudant-offisier Nieuwoudt, en kaptein Roelofse?
-- Dit is korrek.

Hy bevestig dit. -- Dit is korrek.

Hy sê hy is aangerand, nie ernstig nie, maar hy is deur hulle aangerand. --Nie wat ek van weet nie. (10)

Hoekom sou dit nodig gewees het om Tungate Mbobelo of Bobelo te gebruik vir ondervraging? -- Wel, ek kan nie nou kommentaar daarvoor lewer nie. Daar is baie redes. Dit kan wees dat die man op daardie stadium inligting gegee het dat van hierdie mense opvolgwerk gedoen het. Dit kan ook wees dat hulle, omdat hulle in 'n ondersoek saam was, hulle saam ondervraging gedoen het.

Net om terug te gaan na die geval van Tungate, voor sy verhoor in die hooggeregshof sou hy geskors gewees het? -- Dit is korrek. (20)

Dit is normale prosedure? -- Dit is korrek.

Wanneer sou dit gewees het? -- Dit moet ongeveer vier, vyf jaar terug wees.

Nou, Mtimkulu gaan voort om te sê hy is weer uitgevat na 'n plek by die see en onder andere is hy in 'n seil opgerol en hy is weer daar aangerand. -- Ek dra geen kennis nie.

En terug by Jeffreysbaai het die aanrandings voortgegaan. -- Ek het geen kommentaar daar nie.

Ek gaan nie te veel in die besonderhede in nie, maar hy sê die volgende dag nadat hy eers deur Roelofse en Nieuwoudt, (30)
Tungate/..

Tungate en Mbobelo ondervra is, is hy weer ondervra maar hierdie dag was die span meer vriendelik teenoor hom en hy is uitgevra oor sy nooi Buyiswa Hlase. -- Ek weet nie.

En ook ene Mande Mditshwa. -- Ek ken Mande Mditshwa, maar ek weet nie .. (tussenbei)

Was hy op daardie tyd onder aanhouding? -- Ek nie of hy onder aanhouding was nie, hy was wel in Port Elizabeth.

Maar soos ek die Mtimkulu-aangeleentheid verstaan was hy nie die enigste lid van Cosas wat toe gearresteer was nie. Daar was verskeie van hulle wat op dieselfde tyd en gedurende dieselfde tydperk gearresteer en aangehou is. -- Ja, sover ek weet was daar vier. Ek kan net nie meer almal se name onthou nie. (10)

Mbuyiselo Mdaka? Onthou u daardie naam? -- Dit is korrek.

Was hy op 'n stadium deur die ANC doodgemaak, volgens u? -- Nee wel, ons kan nie sê hulle is deur hom doodgemaak nie.

Was daar ooit sulke aantygings gemaak? -- Daar is vermoedes, ja en inligting tot daardie effek.

In elk geval hy sê hy is deur die span, die ondervraging-span, gevra oor daardie drie persone. Nou, dra u kennis van die naam Richard Swarts? -- Ek dra van 'n Swarts kennis, maar ek weet nie of sy naam Richard is nie. (20)

Was hy 'n polisieman by Jeffreysbaai? -- Nee, nee, ek ken nie 'n polisieman met die van Swarts nie.

Was daar enige persoon met die naam Swarts wat by Jeffreysbaai sou gewees het gedurende daardie tyd? -- Ek weet nie.

Al hierdie ondervraging, soos ek dit verstaan, het plaasgevind voordat Mtimkulu na Humansdorp oorgeplaas is. Hy was daar/..

was daar ondervra. -- Dit is korrek.

Op meer as een geleentheid. -- Dit is korrek.

En hy sê dat hy Humansdorp is hy nooit deur die veiligheidspolisie ondervra nie. Dit klop met die memorandum, nê? -- Dit is korrek.

En ook u herinnering van die saak? -- Ja wel, ek glad hom nie meer onthou nie. Ek kan net die begin van hom onthou.

En toe op 1 September is hy oorgeplaas na Algoapark in Port Elizabeth, paragraaf 28. -- Dit is korrek.

Nou, op 2 September is hy oorgeplaas na die veiligheidskantore te Port Elizabeth. -- Dit is korrek.

Hy beskryf dit as die Sanlam-gebou, is dit korrek? -- Dit kantore was daardie tyd in Sanlam-gebou. (10)

En hy het dit miskien verkeerd as ek korrek is, hy sê plus-minus 12 dae was hy daar ondervra, maar dit .. (tussenbei) -- Ongeveer nege dae.

Maar dit moet volgens u rekords vir ongeveer nege dae gewees het. -- Dit is korrek.

Nou, op 2 September is hy besoek deur, en dit kom voor in paragraaf 30, deur 'n mnr. Coetzee, die hooflanddros van Port Elizabeth. -- Dit is korrek.

En Mtimkulu het gesê hy het geen klagtes of versoeke gehad nie? -- Dit is korrek. (20)

En toe is hy - die volgende keer is hy weer besoek deur Van Zyl, maar dit is op die 13de. Dit kom voor in bladsy - in paragraaf 31. -- Dit is korrek.

So, tussen die 2de en die 13de was hy deur niemand besoek nie. -- Dit is korrek.

En ek neem aan dit was 'n tyd van intensiewe onder-vraging, die tydperk in die veiligheidskantore. -- Ek glo

hulle/..
(30)

hulle het hom goed ondervra gedurende daardie tydperk.

Nou, is dit nie eintlik gedurende daardie intensiewe ondervragings waar hy nie in 'n gewone polisie-aangehou is dat dit belangrik is dat hy besoek moet word om hom te beskerm? -- Ek glo baie mense het hom wel besoek gedurende daardie tyd, polisie-offisiere en veiligheidsoffisiere, maar die landdros het hom wel besoek en die inspekteur van aangehoudenes het hom hier besoek, so hulle sou hom eers later dan weer besoek het.

Nee, maar hoekom is hy nie gedurende daardie tydperk van intensiewe ondervraging besoek nie, wanneer 'n mens sou dink hy (10) beskerming die meeste nodig sou gehad het. -- Sover ek weet moes 'n landdros en 'n inspekteur van aangehoudenes hierdie mense volgens die wet elke 14 dae sien of dan binne daardie periode of sou gou moontlik na die 14 dae en dit is - hier het hulle hom op die tweede van die negende gesien en die inspekteur van aangehoudenes het hom op die 13de gesien.

Ja, maar dit is nadat hy oorgeplaas was terug Algoapark toe en uit die veiligheidskantore uit. -- Nee. Ja, dit is korrek - twee dae later.

So, dit blyk uit die memorandum dat hy nooit deur 'n landdros (20) of inspekteur besoek is behalwe op die 2de. -- Dit is korrek.

Nou, hy sê hy is weer ondervra omdat dit vir die span geblyk het dat hy nie vantevore alles vir die polisie vertel het nie.

Dit neem ek aan sou korrek wees? -- Dit is korrek.

Nou, hoeveel polisiemanne het hom ondervra? Kan u onthou? -- Ek kan nie onthou nie.

Hy sê verskeie spanne het hom ondervra. -- Ek kan nie ..
(tussenbei)

Oor 'n/..

(30)

Oor 'n lang tydperk. -- Sê ons nie hier wie hom ondervra het nie, in hierdie memorandum?

Hy sê daar was omtrent ses spanne van twee elk. --Ja-nee, dit is moontlik, maar dit sal nie wees vir ondervraging altyd nie.

Dit is 'n geval van die mense pas hom op gedurende daar- die tydperk.

En hy sê hulle het in skofte gewerk. -- Dit is korrek dat hulle skofte hom opgepas het.

Hy sê ook dat vir die hele duur van die ondervraging moes hy staan. -- Nee, ek het hom nie - ek weet nie van dit nie.

Eintlik het hy gedink dat sy simptome wat hy later gekry het, was gekoppel aan hierdie feit dat hy moes vir die hele duur van sy ondervraging staan. Die pyn in sy voete en bene. -- Ek dra nie kennis nie. (10)

Is dit korrek dat 'n persoon met die naam van Danster hom sou ondervra het? -- Ek weet nie.

Mpephu? -- Ek ken nie so 'n van nie.

Nou, Danster, ken u die naam? -- Die van?

Ja. -- Ek ken die van, ja.

Was hy ook werksaam by die veiligheidspolisie? -- Dit is korrek. (20)

Gedurende '81. -- Dit is korrek.

Mpephu, was hy.. (tussenbei) -- Ek het reeds gesê ek ken nie daardie van nie.

En Tungate, u het alreeds oor hom gepraat, maar is dit moontlik dat hy ook betrokke sou gewees het met die ondervraging by die veiligheidskantore? -- Dit is moontlik. Ek weet nie.

Hy sê ook, hy kla ook dat hy daar beveel was om oefeninge te doen en was ook verskeie kere aangerand. -- Ek dra nie

kennis nie/.. (30)

kennis nie.

En ook betrokke by sy ondervraging was, ek dink dit is kaptein Roelofse en dan adjuant-offisier Nieuwoudt. -- Dit is korrek.

En ek gaan ook nie in die besonderhede in nie, maar hy was op verskeie kere en op verskeie wyses aangerand gedurende daardie tydperk sê hy. -- Ek dra geen kennis nie.

Nou, dit is waar dat hy nou op die 11de of na 'n tydperk teruggeplaas is na die Algoapark-polisiestatie, is dit nie? Hy sê dat vir die laaste drie of vier dae van sy aanhouding by die veiligheidskantore by Port Elizabeth sê hy hy het gely aan geswelde voete en hy is pille gegee en hy is gesê die pille is vir hom gegee omdat sy voete geswel is, kan u enigiets daaroor sê? -- Ek kan geen kommentaar daaroor lewer nie. Ek kan net dit sê dat indien hy geswelde voete gehad het, sou ek dit moes agtergekom het, want die kantore waarin of die kantor waarin hy ondervra is, is regoor my kantoor. (10)

Hy sê ook dat kaptein Roelofse en op 'n stadium u ook het sy voete gemasseer. -- Dit is belaglik.

Gemasseer. -- Ek ontken dit.

In elk geval, hy sê ook dat hy 'n verklaring gedurende daardie tydperk gemaak het. -- Dit is moontlik. (20)

En toe is hy op die 11de of volgens die memorandum, maar hy sê ook na 'n tydperk is hy oorgeplaas na die Algoapark-polisiestatie waar hy aangehou was tot hy uiteindelik vrygelaat was. -- Dit is korrek.

Nou, was daar enige ander aangehoudenenes van Cosas daar aangehou, by Algoapark, of was hy die enigste een? -- Ek weet nie.

Maar u bevestig dat daar was wel ander Cosas-

aangehoudenenes/..

Wanto Zwenzele weet ek was een of vermoed ek was een van hulle wat aangehou was.

Maar hy sê dat kaptein Roelofse het hom daar besoek gedurende daardie tydperk. U vind niks vreemd daarmee nie? -- Niks vreemd nie.

En ook die persoon met die naam van Danster. -- Dit is moontlik.

Kaptein Roelofse sê hy het vir hom op sy versoek lekkers en koeldranke gekoop. U vind niks vreemd daarmee nie? -- Geen fout daarmee as dit gebeur het nie.

En sê hy op die laaste dag van sy aanhouding is hy terug na die Sanlamgebou gevat en toe is hy gevra deur u wil hy enigiets kry - hy kan enigiets kry wat hy wil hê om te eet, onthou u dit? -- Ek onthou dit glad nie. (10)

En hy het 'n "special hamburger" gevra en gekry en dit geëet. -- Nee, ek dink dit is onsin, want as hy vrygelaat word kan ek nie sien hoekom ek vir hom voedsel sal koop nie. Hy is op pad huis toe.

Nou hy gaan voort en hy sê dat nadat hy vrygelaat is dat hy net 'n kort afstand kon geloop het met pyn. -- Toe hy vrygelaat is? (20)

Wel, nadat hy vrygelaat was. -- Ek weet nie.

Ek sal na die presiese dae later kom. Hy het gesê hy het gekla van pyn in sy bene en maag en hy het gesê hy kan nie sit of gemaklik lê nie en uiteindelik toe hy na Livingstone Hospitaal gevat was, moes hy gedra geword het. Hy kon nie loop nie. -- Ja, ek weet nie.

Nou, volgens die mediese verslae wat by hierdie memorandum aangeheg is, weet ons dat hy op, volgens u memorandum, die dag na sy/

K104.22 - 2932 - (30)
DU PLESSIS
dag na sy vrylating 'n dr. Moodlea gaan besoek het. -- Dit is korrek.

En volgens die memorandum het dr. Moodlea griep gediagnoseer. -- Dit is korrek.

En volgens die memorandum ook weier die dokter om enigiets verder oor hierdie aangeleentheid te sê. -- Dit is korrek.

Ek sal later daarby terugkom, maar dra u enige kennis van die dokumente waarop hierdie memorandum gebaseer is? -- Ek aanvaar dat hierdie memorandum, die feite in die memorandum, gekry is uit dagboeke wat bygehou was in 'n lêertjie by die selle.

Nou, in paragraaf 43, die inligting oor dr. Moodlea? -- Dit kan wees dat hy - ek weet nie, maar ek wil spekulêer dat hy gesien was deur iemand, een van die veiligheidsmanne of dan deur 'n ander persoon, om hierdie feite te kry by hom. (10)

Is dit moontlik dat daar 'n verslag van dr. Moodlea in 'n lêer iewers te vinde is? -- O wel, ek weet nie daarvan nie, maar dit is moontlik.

Maar as daar 'n verslag van dr. Moodlea bestaan en as daardie verslag in die besit van die polisie is, waar sou 'n mens dit nou kan vind? -- Dan sou hy hier aangeheg gewees het.

Hy sê, ek verwys nou na Mtimkulu, as u my net 'n oomblik sal vergun, asseblief. Ek wil net volledigheidshalwe vir u lees wat hy sê. Hy sê - kan ek dit vir u in Engels voorlees? (20)
-- Dit is korrek.

"At the time of my release I felt a continuous pain in my feet and lower legs. The pain started when I was required to stand for 12 days. I also had stomach pains which were continuous and was aggravated by hunger. I told the police but I
was given/..

K104.24

- 2933 -

DU PLESSIS

was given useless advice". Was u ooit deur hom ingelig oor pyn in sy voete of bene of enige ander gewrigte? -- Nooit nie. (30)

Het u ooit 'n klagte van hom gehoor oor maagpyne? -- Nooit

nie.

He says "when released I could only walk for short distances around the house with pain. I spent most of my time sitting in my bed and talking to friends and relatives". Hy sê dit. Hy sê ook "The leg and stomach pains became progressively worse each day. The second or third day after my release I consulted Dr. J. Moodlea". Nou volgens u was dit die dag na sy vrylating, volgens die memorandum. -- Dit is korrek.

"I am not sure whether he made a diagnosis but he gave me tablets for leg pains and a mixture for my stomach". Hy sê "I consulted my attorneys on the same day and could not sit properly on a chair. I sat on the floor". Nou, dit blyk uit inligting wat ons gekry het dat hy twee keer vir Moodlea gesien het en ek sal later daarby kom. So, ek weet nie as hy hier verwys "on the same day" of hy na die eerste of tweede keer, die besoek koppel. U weet wat ek nou aan u stel? -- Dit is korrek.

He said he sat on the floor "the pains got so bad that I was even reluctant to walk. At the end of the week I started pressing my parents to send - to the Livingstone Hospital for specialist treatment. I had to crawl to my parents' room for attention. I could not even find a comfortable position to sleep in bed", toe sê hy "I again consulted Dr Moodlea who agreed with me that I should see a specialist. I had to be carried to a car." Nou, volgens 'n beëdigde verklaring wat ons mettertyd sal inhandig deur sy prokureur Basheer Hosein, is hierdie verklaring gegee vir die betrokke prokureur voor hy

in Oktobermaand/..

K104.27

- 2934 -

DU PLESSIS

in Oktobermaand in die Livingstone-hospitaal opgeneem is. So hy sou niks geweet het van talliumvergiftiging op daardie stadium nie. As u verstaan wat ek bedoel. -- Nee, ek verstaan wat u stel,

maar ek kan nie kommentaar daaroor lewer nie.

In elk geval ek neem aan - net volledigheidshalwe dit blyk uit van die mediese verslae ook dat Mtimkulu aan die dokters ook gekla het van maagpyne, pyne in sy voete, enso- voorts en volgens die dokters, en ek som die verslae nou op, is die maagpyn en pyn in sy voete, het dit begin van die dag van sy vrylating tot drie dae na sy vrylating, maar dit is streng gesproke hoorsê, dit is wat Mtimkulu vir hulle sou gesê het. -- Ja, dit is korrek.

Maar voordat hy sou geweet het van talliumvergiftiging en eintlik sê die dr. Brown ure na sy vrylating het hy van die simptome gekla. -- Ja-nee, ek weet nie dat hy gekla het nie. Hy was (10)
vriendelik en gesond toe hy by my weg is, toe hy vry- gelaat is.

Nou, ek neem aan dat as die polisie, op die veronderstel- ling dat die polisie wel vir hom talliumgif gegee het en wel die feite daaromtrent wou verdoesel en weldie ketting van gebeure tussen sy aanhouding en wat later gebeur het wou breek, is die verslag van dr. Moodlea belangrik, want as hy by dr. Moodlea gekla het van pyne wat een van die simptome van talliumvergiftiging was, sou dit miskien moeilikheid vir die polisie kon veroorsaak het, as die dag na sy vrylating die pyne wel alreeds ontstaan het. (20)
Verstaan u wat ... (tussenbei)

-- Nee, ek verstaan nie wat u wil sê nie.

Kyk, volgens die polisieverslag het Mtimkulu die dag na sy vrylating vir dr. Moodlea gaan sien. -- Dit is korrek.

En volgens die polisieverslag het dr. Moodlea niks anders as griep/..

K104.29

- 2935 -

DU PLESSIS

as griep gediagnoseer nie. -- Dit is korrek.

En ons weet nou vir een of ander rede dr. Moodlea wil niks daaroor sê nie, meer daaroor sê nie. -- Dit is korrek. (30)

Nou, verstaan u die punt? As hy die dag na sy vrylating alreeds

gekla het van simptome wat talliumvergiftiging aan- gedui het, sou dit 'n sterker saak teen die polisie uitgemaak het, verstaan u dit? -- Dit is moontlik, ja.

Want volgens ons inligting het - en ek moet sê ek het nie oorspronklike dokumente hieromtrent nie, dit is net opgevat in 'n memorandum wat vir hierdie saak voorberei is, het Moodlea wel hom kort na sy vrylating gesien en dit blyk dat op 'n stadium was dr. Moodlea gevra om getuienis af te lewer in verband met 'n hofsaak. Dra u kennis daarvan? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Iemand blykbaar van die veiligheidspolisie was aangekla in verband met 'n aanranding. Dra u kennis daarvan? -- Ek dra glad nie kennis nie. (10)

In elk geval hy moes 'n brief indien in terme van artikel 205 van - ek dink dit is die Strafproseswet en in daardie brief blyk die volgende en ek haal aan. Hy praat nou van 'n besoek wat Mtimkulu by hom afgelê het. "He complained of painful feet which started one week previously". Nou, dit is nie duidelik hier of dit 'n week voor sy vrylating of 'n week voor die besoek was nie, maar dit sou volgens die memorandum net 'n dag se verskil maak. Verstaan u dit? -- Dit is korrek.

"He also had occipital head-aches and pain between the shoulders for the past few months. He was passing blood per rectum for four months. He also had a sensation of pins and needles down both legs" en wat belangrik is hy sê "a provisional diagnosis of peripheral neuritis was made". Toe sê (20)

dr. Moodlea/..

K104.30

- 2936 -

DU PLESSIS

dr. Moodlea hy het hom weer op 24 Oktober gesien. Nou, ek sal daarby weer kom, maar dit blyk hieruit dat dit sou die besoek gewees het op die 21ste, die dag na sy vrylating. U verstaan dit? -- Dit is korrek. (30)

En ons weet van die getuienis van wat hier in die dokumente opgevat is en ook in die getuienis van generaal Neethling dat die diagnoses van "peripheral neuritis" is een van die verkeerde diagnose wat dikwels gemaak is in verband met talliumvergiftiging.

U het daardie getuienis gehoor. -- Dit is korrek.

Nou, as hierdie inligting korrek is, die dag na sy vrylating sou dr. Moodlea daardie diagnose gemaak het. -- Ja wel, ek kan nie daarvoor kommentaar lewer nie.

Nou, as die inligting korrek is, vind ek dit baie vreemd dat hier in die polisiememorandum melding gemaak is van daardie besoek, (10) maar dat hy wel griep gediagnoseer het. Dit klink vir my baie vreemd. -- As dit hier staan aanvaar ek dat dit die regte ding is wat hier staan.

Wel, griep is heeltemal verskillend as "peripheral neuritis", u aanvaar dit? -- Wel, ons moet maar dit by dr. Moodlea hoor en sy kaarte trek toe hy hom gesien het.

Ja, ons moet ek dink. In elk geval hy sê - dr. Moodlea gaan voort en hy sê, en ek haal aan weer in Engels: "I saw him again on 24 October 1981 when he complained that the pain from the knee downward was even more severe and that he was now not able to walk on his feet. On local examination he was found to be very, very (20) tender over both calves and feet even to very light touch. He was not even able to keep his stockings on because of the pain this seem to cause. He attributed his painful feet to the fact that after about three months/..

K104.31

- 2937 -

DU PLESSIS

months of detention he had been made to stand on his feet for 12 days without sleep and beaten with something that felt like an electric cord while his face was covered. The pains persisted (30) with no improvement at all. I referred him to the Livingstone Hospital on 26 October for investigation and management". Ons

weet dat hy wel na die Livingstone-hospitaal verwys is. -- Dit is korrek.

Nou, ons weet ook dat op 15 Desember 1981 het Mtimkulu 'n dagvaarding uitgereik in verband met aanranding. U dra kennis daarvan? Van die dagvaarding. -- Ek weet van 'n siviele saak.

Ek ken nie die datum nie.

VOORSITTER: Watter datum?

MNR. PRETORIUS: 15 Desember 1981.

VOORSITTER: Is die dagvaarding uitgereik?

MNR. PRETORIUS: Vir aanranding, ja. En weer op 2 April die volgende jaar, '82, is dagvaarding uitgereik teen die Minister van Wet en Orde vir R150 000 vir vergiftiging. -- Dit is korrek. (10)

En dit was 12 dae daarna dat hy net van die aardbol af verdwyn het. -- Dit is korrek.

In 'n verdere aanhangsel tot hierdie oorspronklike verklaring leer ons ook dat kort na sy vrylating het hy begin om sy kos op te gooi. U weet niks daarvan nie? -- Ek dra nie kennis nie.

In elk geval ons weet dat sy simptome geleidelik erger geword het tot hy by Groote Schuur opgeneem is. -- Ek kan nie kommentaar lewer daaroor nie.

Nou, al wat ek vir u wil stel opsommenderwys is dat as 'n mens al die verslae bestudeer met verwysing na die simptome waaraan hy gely het en as 'n mens dr. Moodlea se verslag in ag (20)

neem en/..

K104.35

- 2938 -

DU PLESSIS

neem en ook Mtimkulu se eie verklaring voordat hy geweet het hy aan talliumvergiftiging gely het, is daar 'n sterk moont-
likheid of 'n waarskynlikheid dat hy daardie gif ingekry het toe hy nog in aanhouding was. -- Ek dra nie daarvan kennis nie en ek dink dit is 'n belaglikheid om te dink dat hy in aanhouding deur 'n veiligheidsstak vergiftig sal word. (30)

Dankie.

CHAIRMAN: Are you handing in those exhibits?

MR PRETORIUS: Yes, Mr Chairman, I am just trying to get decent copies for you.

CHAIRMAN: You can hand them in tomorrow or so.

CROSS-EXAMINATION BY MR SKWEYIYA: Mr Du Plessis, were you in charge of both teams which interrogated Mtimkulu and Kondile? -- Dit is een span. Die mense het almal onder my gewerk.

So, you were in charge of both teams in other words? -- That is correct.

And am I correct in saying that - oh, you have already said so. I am showing you a pro forma document, a document which does not relate to Kondile. Just have a look at that, please. You know, that is called an SAP5. -- Nee, die dagboek word genoem SAP5. (10)

Let us call the SAP5 an investigation diary. -- Dit is korrek.

Now, in respect of that particular one you have in front of you it related to some other case by security policemen. -- Dit is korrek.

Interrogating someone else. Now, did you in respect of firstly Kondile have that sort of thing? -- Ek het dit nie op die huidige oomblik nie. Ek het vir mnr. die Voorsitter gesê (20)
dat ek nie/..

K104.38

- 2939 -

DU PLESSIS

dat ek nie meer presies die werkverrigtinge of die instruksies omtrent artikel 6 kan onthou nie, maar wel artikel 29. Ek het navraag gaan doen. Daar was wel 'n dagboek bygehou ten opsigte van artikel 6-aangehoudenes waar jou distriksgeneesheer, jou inspekteur van aangehoudenes, jou landdros, offisiere wat hom besoek en wanneer hy uitgeboek word op ondersoek aangeteken word. (30)

Die enigste een wat ek in Port Elizabeth met artikel 6 kon opspoor is die een van Sipihwe Mtimkulu en ek dink dat hy, ons het hom

in 'n brandkas gekry saam met die siviele eis en dit is die enigste een en daardeur - deur daar te lees kan ek sê dat daar ten opsigte van almal van hulle aangehou was en dit wil sê Kondile moes ook een gehad het.

